


Republikein

Jou land. Jou taal. Jou koerant.

Drie mans wou glo renoster in Etosha stroop

13 September 2020 | [Misdaad](#)



PAS in

Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

1.

000

Drie verdagtes wat glo 'n renoster in die Etosha Nasionale Park wou stroop, verskyn môre op verskeie klakte in die landdroshof op Kamanjab.

Hulle is Donderdag tussen Kamanjab en die plaas Marinhohe in dié distrik vasgetrek.

"Na bewering is die Namibiese mans afgelaai om 'n renoster in die Etosha Nasionale Park te stroop. Die polisie het 'n wenk ontvang en het vinnig daarop gereageer," lui die weeklikse misdaadverslag van die Namibiese polisie.

"Die verdagtes is met 'n .458-geweer en 11 patronen van dieselfde kaliber in hul besit in hegtenis geneem. Nadat die polisie hulle verder deursoek het, is dagga ook by hulle gevind."

Die trio is in aanhouding op Kamanjab en sal môre in die landdroshof op klakte van die onwettige jag en sameswering van die onwettige jag van spesiaal beskermde wild ('n renoster) verskyn, asook die onwettige besit van 'n vuurwapen en ammunisie, dwarsbomming van die gereg en die onwettige besit van dwelms.

Die polisieondersoek duur voort.

